**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP MAANDAG 25 MAART 2024 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

### TEENWOORDIG:

### RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Adv. L Roos | : | Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste *(waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste)* |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/03/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna hy die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan 'n voormalige oud-Speaker by Bergrivier Munisipaliteit, mnr. Jacques Josias, en 'n lid van die publiek wat die verrigtinge bywoon en diegene wat op die "YouTube" platform ingeskakel is.

***

**RVN002/03/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Korporatiewe Dienste - vakansieverlof

Die Munisipale Bestuurder meld dat die Interne Ouditeur pos tans vakant is.

***

**RVN003/03/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadsheer Manuel, Raadslede Isaacs en Adams verklaar dat hul geen belange by die items op die Agenda het waardeur hul kon werk nie aangesien die agenda nie in die tydsraamwerk van vyf (5) werksdae versprei is soos per Ordereëls vir vergaderings van die Raad en Komitees se beleid voorgeskryf nie, maar dat die Agenda eers op Vrydag 22 Maart 2024 versprei is. Hule al drie onderneem wel om hul belange te verklaar (sou daar iets opduik).

Die Munisipale Bestuurder, Direkteure: Tegniese Dienste en Gemeenskapsdienste verklaar hul kollektiewe belang by item **RVN015**.

***

**RVN004/03/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 FEBRUARIE 2024**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Dinsdag 27 Februarie 2024, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/03/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 FEBRUARIE 2024**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die laat verspreiding van die implementeringsverslag asook ander dokumentasie vir die Raadsvergadering.

**BESLUIT**

Dat die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 27 Februarie 2024, oorstaan tot die volgende Raadsvergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 30 April 2024, ten einde die Raad genoegsame tyd te gee om hul te gewis van die inhoud.

***VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***
***(30/04/2024)***

***

**RVN006/03/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/03/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

***KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER***

Die Speaker doen die volgende mededelings:

LIEF

- Dat ‘n dogter van Karookop op Dinsdag 26 Maart 2024 aan die Nasionale Atletiek kompetisie van skole deelneem en spreek hy Bergrivier Munisipaliteit se trots uit op die prestasie van die dogter. Hy versoek dat ‘n brief aan die dogter gerig word namens die Raad ter gelukwensing en dat die Uitvoerende Burgemeester die dogter en alle ander atlete wat prestasies behaal het by die Bergrivier Burgemeestersbeker gelukwens;
- Hy wens die Raadslede, amptenare en skoliere sterkte toe wat op Dinsdag 26 Maart 2024 na België vertrek vir die Belgiese Jeuguitruilingsprogram;
- Dat die Wykskomitees “Summit” in Dwarskersbos op Saterdag 16 Maart 2024 suksesvol was en bedank hy die wykskomiteelede vir hul ondersteuning;
- Dat die Publieke Deelnameproses in April 2024 plaasvind en nooi hy die onderskeie Raadslede en gemeenskapslede om die vergaderings by te woon;
- Dat die Munisipale Bestuurder op Donderdag 11 April 2024 verjaar en wens die Speaker haar namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met haar komende verjaarsdag;
- Dat die Speaker se huweliksherdenking op Dinsdag 16 April 2024 plaasvind; en
- Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste op Woensdag 17 April 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag.

LEED

- Dat die Persoonlike Assistent: Tegniese Dienste, mev. A Barry, se pa op Woensdag 13 Maart 2024 oorlede is en word sy en haar familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat die Uitvoerende Burgemeester se ma oorlede is op Sondag 03 Maart 2024 en word hy en sy familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat die Bestuurder Menslike Hulpbrondienste, mnr. A Rheeder, ‘n operasie ondergaan het op Donderdag 22 Februarie 2024, tuis aansterk en word hy sterkte en beterskap toegewens in hierdie tyd;

- Dat Raadslid Maarman se ouma op 94 jarige ouderdom oorlede is en word sy en haar familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

'n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

Raadslid Adams meld dat die onderskeie gemeenskapslede van 'n Wyk in Bergrivier Munisipale area hom in kennis gestel het dat daar nie Wykskomiteevergaderings in die spesifieke Wyk gehou word nie en meld die Speaker dat hy aan Raadslid Adams die notules sal voorsien van alle Wykskomiteevergaderings van die maand.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

- Hy nooi die Raadslede na die Bergrivier Burgemeestersrugbybeker 2024 wat op Saterdag 30 Maart 2024 plaasvind by Rhino's sportgronde in Piketberg;
- Hy nooi die Raadslede, Direksie en amptenare na die Bergrivier "Praise and Worship" diens wat op Sondag 31 Maart 2024 plaasvind by Rhino's sportgronde in Piketberg. Hy meld dat die doel van die diens is om te bid teen die euwels in die gemeenskap (kinders wat nie skool gaan nie, drankmisbruik, dwelmmisbruik, tienerswangerskap, geslagsgeweld ens.), asook die impak wat die euwels op die gemeenskap en op dienslewering het. Voorts meld hy dat daar vervoer beskikbaar sal wees vir die onderskeie gemeenskappe van Bergrivier Munisipaliteit na die diens en terug;
- Dat die Bergrivier skolesport 'n 0/13 span van Bergrivier Munisipale area afgevaardig het om Bergrivier te verteenwoordig op 'n toer vanaf Donderdag 28 Maart 2024 na George en wens hy hul sterkte toe met die toer; en
- Dat Steynville Sekondêre Skool twee gekose leerders, 'n seun en 'n dogter, wat die skool verteenwoordig by die Wes-Kaapse skole spele en deelneem aan die Nasionale skole spele. Die seun van Kapteinskloof neem deel aan die 200m en 100m en die dogter van Piketberg neem deel aan die 500m en wens hy hul sterkte toe.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

Sy bedank alle Raadslede, amptenare en die publiek (die drie vennote) vir hul insette, bydrae en harde werk tot die sukses wat bereik is dat Bergrivier Munisipaliteit aangewys is as die 2$^{de}$ beste B3 Munisipaliteit in Suid-Afrika deur "Good Governance Africa". Bergrivier Munisipaliteit is ook aangewys as die 6$^{de}$ beste Munisipaliteit Nasionaal uit alle kategorieë van munisipaliteite in Suid-Afrika, waarna die Komiteelede 'n handeklap gee vir die prestasie.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/03/2024**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/03/2024**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/03/2024**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**

Geen

***

**RVN011/03/2024**
**<u>FINAL DRAFT: BERGRIVIER MUNICIPALITY SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK, 2024 – 2029 (BERGRIVIER MSDF, 2024 – 2029)</u>**
**15/1/5/9**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council adopt the final draft of the Bergrivier MSDF, 2024 – 2029, as required in terms of Section 6.(9) of the Bergrivier Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, as amended 11 December 2020; and
2. That notice of Council's decision to adopt the Bergrivier, MSDF 2024 – 2029 be given in the media and the Provincial Gazette within 14 days of this resolution.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN012/03/2024**
**<u>DRAFT AMENDMENT OF THE FOURTH GENERATION INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP) (2022 – 2027)</u>**
**15/1/5/5**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder bedank die Raadslede, Direksie en amptenare met spesifieke verwysing na die Strategiese Dienste afdeling vir hul harde werk met die verslag.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the draft amendment of the Fifth Generation IDP (2022 – 2027) be approved given the approval of the new Spatial Development Framework in terms of Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000);
2. That the draft Review for the 2024/25 financial year of the IDP for Bergrivier Municipality be approved in terms of Section 25(1) of the Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) for the purposes of obtaining public inputs and comments;
3. That the draft amended IDP be advertised for public inputs and comments during April 2024;
4. That the draft amended IDP be submitted to the Provincial Department of Local Government, Provincial Treasury, National Treasury and the West Coast District Municipality; and

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

5. That the draft amended IDP be submitted to the Mayoral Committee and Council during May 2024 for final consideration.

***

**RVN013/03/2024**
**OORWEGING EN GOEDKEURING VAN KONSEPBEGROTING 2024 - 2027**
**5/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item kortliks in en meld dat 'n bespreking tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie sal plaasvind op Dinsdag 26 Maart 2024 rakende die Konsepbegroting 2024 - 2027 en versoek dat die bogenoemde item verwys word na 'n Voortsetting van die Raadsvergadering vir oorweging en goedkeuring.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Konsepbegroting 2024 - 2027 verwys word na die Voortsetting van die Raadsvergadering soos geskeduleer vir Donderdag 28 Maart 2024 om 09:00.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN014/03/2024**
**DRAFT TOP LEVEL SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (TL SDBIP) 2024 / 25**
**15/1/5/5**
***('n Excel-dokument word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the Draft Top Level Service Delivery Budget Implementation Plan (TL-SDBIP) for the 2024/25 financial year be noted and recommended to the Executive Mayor for final approval as per Section 53(1)(c)(ii); and
2. That the Draft Top Level Service Delivery Budget Implementation Plan be advertised together with the Draft IDP Review and Draft Budget for the 2024/25 Financial Year as to request public input.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN015/03/2024**
**OVERSIGHT REPORT OF THE MPAC ON THE 2022/23 ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 129 OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003**

***(Die voorlegging word visueel vertoon)***

Raadsheer Du Plooy lei die item in en neem die Komitee deur die voorlegging.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Op versoek van Raadsheer Manuel rakende die totale finansiële implikasie van die prestasie bonusse meld die Speaker dat die inligting aan hom voorsien moet word en hy sal dit dan beskikbaar stel soos versoek.

'n Regstelling word uitgewys op bladsy 33 met verwysing dat die datum van goedkeuring deur die Raad, naamlik, Maandag 25 Maart 2024 is.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council adopts the Oversight Report and approves the 2022/23 Annual Report without reservations in terms of Section 129 (1)(a) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003);
2. That the accounting officer submit copies of the minutes of this Council Meeting to the Auditor-General, the relevant Provincial Treasury and the Provincial Department responsible for Local Government in the Province;
3. That the accounting officer makes the Oversight Report public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act within seven days;
4. That Council approves the payment of performance bonusses:

4.1 A 9 % performance bonus to the Municipal Manager, Adv. H. Linde (73 %) for the period 16 August 2022 – 30 June 2023;

4.2 A 9 % performance bonus to the Director Community Service, Mr. Dean Josephus, (73 %) for the period 1 July 2021 – 30 June 2022;

4.3 A 7 % performance bonus to the former CFO, Mr. D. Louw (70 %), for the period 1 September 2022 - 31 May 2023;

4.4 A 9 % performance bonus to Mr. Denwin van Turha, Director Technical Services, (71,86 %)for the period 1 January 2023 – 30 June 2023; and

4.5 A 7 % performance bonus to the Former Director Technical Services, Mr. Victor Felton, (69,17 %) for the period 1 July 2022 – 30 September 2022.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN016/03/2024**
**REVIEW OF AMENDED RISK MANAGEMENT CHARTER FOR THE 2023/2024 FINANCIAL YEAR**
**12/2/2/21**

Die Speaker lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council approves the reviewed Risk Management Charter.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**RVN017/03/2024**
**VAKATURE: ONAFHANKLIKE VOORSITTER VAN RISIKOBESTUURSKOMITEE**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat me. Reyhana Gani aangestel word as Onafhanklike Voorsitter van die Risikobestuurskomitee vir 'n tydperk van drie (3) jaar vanaf Mei 2024 tot einde April 2027.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

***(Die Uitvoerende Burgemeester meld dat die Uitvoerende Onderburgemeester ongesteld is en sal aansluit sodra hy kan)***

**RVN018/03/2024**
**<u>WYSIGING VAN DIE "TERMS OF REFERENCE" VAN MPAC</u>**
**12/2/3/68**

Raadsheer Du Plooy lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die frekwensie van die MPAC vergaderings.

Die Speaker versoek dat die samestelling van 'n werkskedule/werksplan voorgelê word aan die Raad ten einde hul te vergewis van die inligting en datums.

Die Munisipale Bestuurder spreek haar kommer uit rakende die kapasiteit in die Interne Ouditeur se afdeling met die vermeerdering van die MPAC vergaderings.

**(*Die Uitvoerende Onderburgemeester sluit aan om 15:07weer aan by die vergadering)***

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van die gewysigde "Terms of Reference" (TOR); en
2. Dat die Raad die gewysigde "Terms of Reference" (TOR) goedkeur vir gebruik deur die MPAC met onmiddellike effek; en
3. Dat die onderstaande wysiging aangebring word in die gewysigde "Terms of Reference" (TOR) onder punt 2: Composition:

   "The MPAC shall meet at least six (6) times per annum as scheduled between the Chairperson and the Municipal Manager."

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN019/03/2024**
**<u>OORNEEM VAN HUIS TE VESPERSTRAAT 14, PIKETBERG</u>**

Die Speaker lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat daar met die Departement van Publieke Werke ooreengekom word om die huis gratis aan Bergrivier munisipaliteit oor te dra;
2. Dat die Departement van Publieke Werke moet aandui of hulle die huis gaan opknap voor oordrag aan Bergrivier munisipaliteit;
3. Dat die Departement van Publieke Werke verantwoordelik is vir alle uitstaande munisipale dienste gelde alvorens die eiendom aan Bergrivier munisipaliteit oorgedra word; en
4. Dat die Stadsbeplanningsafdeling voortgaan met die oordragsproses en indien daar enige finansiële implikasies uit die oordragsproses voortspruit moet dit voor die Raad gebring word vir oorweging en besluitneming.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

*******

**RVN020/03/2024**
**ADDENDUM TO EXISTING DBSA AGREEMENT FOR THE UPDATING OF BERGRIVIER MUNICIPALITY'S VARIOUS MASTER PLANS**
**9/1/2**

Die Direkteur: Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the report be noted;
2. That Council hereby approves the Project and the amendments made to include the previously excluded masterplans;
3. That the updated Council Resolution be signed by the Municipal Manager and Executive Mayor as requested by DBSA; and
4. That Council approves any additional masterplans to be updated as/should additional funding become available from DBSA or any other Grant.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICE***

***

**RVN021/03/2024**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JANUARY 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for January 2024.

***

**RVN022/03/2024**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: JANUARY 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the January 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**RVN023/03/2024**
**PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 54A EN 56 POSTE 1 JULIE 2023 TOT 31 DESEMBER 2023**

Die Speaker lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasiebeoordeling Artikel 54A en 56 Poste 1 Julie 2023 tot 31 Desember 2023.

***

**RVN024/03/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**

Geen

***

**RVN025/03/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN026/03/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN027/03/2024**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**RVN028/03/2024**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:40***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***